Markus 15vs34 **SY VERLATING BETEKEN ONS AANNEMING**

**Verlede Saterdagaand** was groot dele van die wêreld vir ‘n uur lank in donkerte gehul toe baie mense hul ligte ter wille van aardverhitting afgeskakel het. Ek wonder hoeveel van ons toe aan die gebeure daardie dag op Golgota gedink het toe God as’t ware die son vir drie ure afgeskakel het?

By **Jesus se geboorte** was daar ‘n helder ster wat die donkerte verlig het. By Sy dood het die lig in donkerte verander. God stuur soos destyds met die **plae in Egipte** drie ure duisternis oor die aarde. Dit is asof Hy daarmee **‘n gordyn** - soos die hospitaalgordyn rondom die sterfbed van ‘n pasiënt - wil trek rondom die ontsettende gebeure wat besig was om hom op Golgota af te speel. Dis asof die **son** liewer nie wil sien wat daar gebeur nie. Dis asof die aarde ‘n r**oukleed** aantrek oor die dood van die Seun van God.

**Duisternis** is dikwels in die Bybel die simbool vir die Bose en sy magte. Ons lees daarin van *die magte van die duisternis* en van die ongelowiges wat in die *buitenste duisternis* gewerp sal word (Luk 22:53; Matt 25:30). Ons kan die donkerte op Golgota daarom seker ook sien as **simbolies** van die **hewige aanslag** wat die Bose op Christus geloods het. Hulle was daarop uit om Hom wat as **die Lig** na die wêreld gekom het, se lig vir goed uit te doof. (Joh 1:4,5)

In daardie drie ure het dit vir die Here Jesus letterlik en figuurlik *“nag”* geword. Hoewel ons nie kon *sien* wat besig was om te gebeur nie, *hoor* ons aan die einde daarvan wat gedurende hierdie tyd deur die Here Jesus se gedagtes moes gegaan het. Dit is die **enigste keer** waarvan ons in die Bybel lees dat Jesus toe Hy God aangeroep het, Hom nie as *Vader* aangespreek het nie. Ons hoor Hom roep: *“Eloï, Eloï, lemá sabagtani?”* – *“My God, my God, waarom het U my verlaat?”* Niemand kan meer eensaam wees as dit nie.

Dit staan in **skerp kontras** met God se belofte van Sy teenwoordigheid aan **Moses** toe Hy hom geroep het met die versekering: *“Ek sal by jou wees…”* (Eks 3:12). So ook aan sy opvolger **Josua**: *“Soos ek by Moses was, sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie.”* (Jos 1:5) Toe Hy **Jeremia** tot profeet geroep het, het Hy vir hom gesê: *“Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou…”* (1:8) Die Here Jesus self het kort vantevore nog vir sy **dissipels** gesê: *“Kyk, daar kom ‘n tyd, en dit is nou al hier, dat julle uitmekaar gejaag sal*

*word, elkeen sy eie koers in, en dat julle My alleen sal laat; en tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader by My is."* (Joh 16:32)

Jesus se uitroep van Godverlatendheid kom dus vir ons as **'n verrassing.** Dis asof Hy dit *self nie kon glo* dat so iets kon gebeur nie. Hy is diep ontsteld, dalk ook verbaas, teleurgesteld. Dink maar net hoedat **u en ek** sou gevoel het as dit ons was … Bes moontlik WAS daar al sulke tye toe ons gevoel het God het ons verlaat en ons Hom selfs daarvoor verwyt en verkwalik het. As dit met HOM kon gebeur, het ONS dan enige **waarborg** dat dit nie dalk nog vorentoe met ONS kan gebeur nie?

In Jesus se geval was dit **toppunt/dieptepunt van 'n proses** wat al lank aan die gang was. Sy **vriende** het Hom gereeld misverstaan. Sy eie **familie** het Hom verwerp (Luk 4:29). Een van die Twaalf het Hom **verraai**. 'n Ander een het Hom **verloën**. Die oorblywende elf het almal **weggehardloop**. Sy **volk** het Hom verwerp. Nou het **God** Hom boonop ook nog verlaat.

Toe **Julius Caesar** van die komplot om hom te vermoor bewus geraak het, het hy verbaas en seergemaak vir sy groot vriend en vertroueling gevra: *"Et tu, Brute?" ... "JY ook, Brutus?"* Miskien is dit waar Jesus ook die klem geplaas het: *"My God, my God, waarom het **U** my verlaat?"* Dit is **die soort lyding** wat 'n rolprent soos *Passion of the Christ* nie kan uitbeeld nie – erger nog as geselslae, doringkroon en spykers!

Die mense rondom die kruis wat die uitroep gehoor het, het dit nie **verstaan nie**. Ons verstaan dit ook nie. **Martin Luther** het drie dae gevas en gebid om dit te probeer verstaan en aanhoudend gevra: *"Gott von Gott verlassen – Wer kan das fassen?"* ("God van God versaak - wie kan dit duidelik maak?") Hoe kan Christus wat self God is, van God verlate wees? Het God Hom regtig verlaat?

Ons Bybelgedeelte **spekuleer** egter nie oor hierdie vrae nie. Al sal ons dit met ons menslike verstand nooit kan begryp of verduidelik nie, kan ons wel *iets aanvoel* van die ontsettende en bomenslike lyding wat Jesus moes deurmaak. Dit is in hierdie tyd, so bely ons, dat Hy *"ter helle neergedaal"* het. Die hel is waar God Hom **onttrek** het. Dit is veral 'n toestand van **Godverlatendheid**. Jesus het dit ervaar.

Die opvallende egter is dat Jesus in die klag van Godverlatendheid **nogtans aan God vashou**. Hy doen 'n gebed. Hy spreek God steeds as MY God aan. Sy woorde is 'n direkte aanhaling uit Ps 22.

Waar die **satan** seker op 'n vloekwoord gehoop het, reageer Jesus met 'n Psalmwoord. Soos **Job se vrou** hom in sy beproewing aangehits het: *"Vloek God en sterf!"* het Satan dit seker ook met Jesus gedoen, maar weer sonder sukses.

Daarna het God as't ware weer die son "aangeskakel*"*. Die duisternis het gewyk. Jesus kon die **laaste woorde** voor sy dood weer in kalmte uitspreek. Hy noem God weer "Vader": *"Vader, in U hande gee Ek my gees oor!"* (Luk 23:46)

In een van ons **Belydenisskrifte** word die betekenis van hierdie ontsettende tyd toe Jesus ter helle neergedaal het, soos volg verduidelik: *"Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die helse benoudheid en pyn verlos het. Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het."* (HK Antw 44)
Die betekenis van hierdie gebeure word mooi opgesom in 1 Kor 5:21: *"Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees."*
Nou kan ons met verwondering uitroep: *My God, waarom het U MY aangeneem?* **Sy verlating beteken ons aanneming**.

Wanneer ons DV op Goeie Vrydag **die nagmaal** vier, sal ons weer daaraan dink hoe Hy van God verlaat was en uitgeroep het: *"My God, my God, waarom het U my verlaat?"* sodat ons nooit deur God verlaat sal word nie. As ons weer verlate voel, mag ons met sekerheid weet dat dit net 'n **blote gevoel** is. In plaas van Ps 22:2, kan ons Ps 23:4 ons eie maak. Jesus het immers **voor Sy hemelvaart** ook belowe dat Hy met ons sal wees, al die dae, tot aan die voleinding (Matt 28:20).

In **Romeine 8** kry ons die versekering dat NIKS ons ooit van die liefde van God kan skei nie – ook nie lyding of benoudheid, of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard nie. (:35)

Hy, **die Lig**, sal altyd om ons skyn, soos Johannes 1:4 en 5 sê: *"In Hom was daar lewe, en die lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie."*

*Amen*
*5 April 2009*